

Sing vooraf: Psalm 116:1, 10 (p. 569)

- 1 God het ek lief, want die getroue Heer / hoor na my stem uit vrye welbehae;
ek roep Hom aan in al my lewensdae, / Hy skenk my hulp, Hy red my, keer op keer.
- 10 Ek sal u Naam met dankerkent'nis prys / te midde van die feestelike skare.
Jerusalem, ek hoor om jou altare / die lofgeluid wat tot Gods eer verrys.

Ons hulp is in die Naam van die Here wat die hemel en die aarde geskape het.
Geliefdes, genade en vrede vir u van God ons Vader en die Here Jesus Christus deur die kragtige
werking van God die Heilige Gees.

Amen.

Lofpsalm 66:2 (p. 320)

- 2 Die aardryk met sy verste lande / moet biddend voor die HERE buig;
die volke van die verste strande / moet met hul lofstem voor Hom juig.
Kom en aanskou Gods wonderdade, / wat is sy werking hoog gedug.
Smeeek Hom, o volke, om genade, / want niemand kan sy hand ontvlug.

Gebed

- **Doksologie:**
- **Aanbidding:**
- **Skuldbelydenis:**
- **Vergifnis:**
- **Dank:**
- **Smeking vir die nood van die gemeente en voorbidding vir die kerk, owerhede en sondige wêreld, asook die beroep op die beloftes van God:**
- **Algemene bede:**
- **Verligting van die Gees ter wille van die Woorddiens:**

Amen.

Psalm 118:4 (p. 576)

- 4 Die HEER, die Hoof van duisendtal, / sal in die stryd my hulp verskaf.
Dan kyk my oog met welgevalle / op my verwoede haters af.
Dis beter by ons bidde en wense / dat ons vertrou op God se mag,
as dat ons ooit vertrou op mense, / of selfs van prinse hulp verwag.

Skriflesing: Deuteronomium 12

Teks: Deuteronomium 12:5

. . . maar die plek wat die HERE julle God uit al julle stamme sal uitkies om sy Naam daar te vestig om daar te woon, moet julle opsoek en daarheen moet jy kom.
(Deuteronomium 12:5 AFR1953)

Mens dink baie maklik dat kerktoeganery maar net iets is wat uit die Nuwe-Testamentiese kerk ontstaan het.

- Normaalweg is die gedagte maar dat die Ou-Testamentiese tyd nie so iets gehad het nie omdat die mense van daardie tyd mos eintlik 'n volk was wat die Here móés aanbid.
- Maar wanneer ons die Ou Testament fyn en met onderskeid begin lees, dan loop ons ook die saak van kerkbesoek daar raak – en dan word die redes vir kerkbesoek somer saam met die saak gegee.

Die Here wil hê ons moet Hom op die regte wyse eer, en om dit te kan doen, moet Hy ons heeltemal van die gebruike van die heidene afsonder.

- As ons in hulle godsdien en kerkbesoekgebruike deel, beteken dit net dat ons godsdien vervals gaan word.
- Die eerste saak wat by die heidene voorgekom het, was dat hulle nie noodwendig gesamentlik aanbid het nie.
- Meestal het hulle op enige plek wat hom daartoe geleen het, aanbid, en hulle afgodsoffers gebring.

Kom ons kyk eers na die foute wat die heidene gemaak het.

- Hulle het op hoogtes gebid, asof die afstand na boontoe hulle nader sou bring na hulle god toe.
- Verder het hulle onder groot groen bome gebid omdat hulle ook geglo het dat hulle god in die natuur vasgevang is.
 - Hier in vers 2 staan mos “. . . **op die hoë berge en op die heuwels en onder elke groen boom.**”.
 - Die bedoeling is sekerlik nie dat daar letterlik onder ELKE boom 'n afgodsaltaar gestaan het nie.
 - Die bedoeling is bloot dat elke individu of groepie orals 'n afgodsbeeld op so 'n uitgesoekte plek geplaas het en daar aanbid het.

Uit 'n beginseloogpunt sou ons kon beweer dat daar baie eiewilligheid en ook vrywilligheid in hierdie soort van aanbidding bestaan het.

- Die Here het natuurlik nie tyd vir enige van hierdie dinge nie.
- Daarom gee Hy uitdruklik bevel dat al hierdie bidplekke van die heidene vernietig moet word.

Hy gee in die plek daarvan totaal ander voorskrifte:

- Hy wil self 'n plek aanwys waar Hy aanbid wil word.
- Dan wil Hy deur die hele volk as 'n eenheid aanbid word.
- Verder wil die Here hê dat die volk na daardie plek toe moet gaan om te offer en te bid.

Veral die gedeelte van vers 1 tot 7 beklemtoon hierdie dinge baie sterk. Dis natuurlik ook nie iets nuuts nie, want toe die volk uit Egipte opgetrek het, het die Here die tabernakel-diens ingestel, en toe het die hele erediens al rondom die tabernakel gesentreer.

- Noudat hulle in die beloofde land gaan bly, verwag die Here van hulle om weer so 'n sentrale aanbiddingsplek, soos wat hulle in die tabernakel gehad het, te hê.
- Later in die Nuwe-Testamentiese tyd het ons presies dieselfde beginsel wat saamgevat is in die opset van elke gemeente met sy sentrale plek waar die lidmate saam aanbid.

Vers 2 en 3 gaan teen die gebruik wat die heidene het om enige plek wat sy eie emosie streel, te proklameer as sy eie bidplek.

- Dit gaan ook daaroor dat praktiese oorweging en hulle eie gerief dikwels die deurslag gegee het vir hulle bid- en offerplekke.
- Daarteenoor verwag God van sy volk die opoffering van gehoorsaamheid.

Om gehoorsaam te wees het altyd 'n stel eise waaraan dit gekoppel is – en dit verg altyd opoffering (moeite) om te doen wat God vra.

- Maar juis daarom wil God dit so hê – dit laat ons voortdurend besef dat die lewe om Hom draai.
- Dit laat ons besef dat Hy nie net die Gewer van lewe is nie, maar veral ook die Beskikker oor lewe en genade.

Vers 4 tot 7 onderstreep weer 'n ander motief vir die Here se eis dat daar een plek vir/van aanbidding moet wees, naamlik dat dit ons weerhou van geloofsverval.

- Juis omdat ons gedwing word om saam te kom, dwing dit ons ook terug na God se Woord toe, en na die dinge toe wat reg is.
- Al die eiewilligheid van die heiden en sy aanbidding word in die wortel afgesny.
... so moet julle nie doen nie ...

Die Here was ook bang dat as die Jode gaan bid waar die Kanaäniete gebid het, hulle dan die Kanaänitiese heidendom gaan oorneem.

- Ons weet ook uit die geskiedenis dat die Jode toe nie die bevel van die Here uitgevoer het nie, en dat presies dit toe gebeur het.
- Hulle was later selfs in ballingskap omdat hulle die heidene se afgodsdienste aanvaar het.

Die woorde: **... om sy Naam daar te vestig ...** is baie belangrik.

- Die sinspeling is dat God is waar sy Naam is.
- Dit is eintlik 'n Ou-Testamentiese uitdrukking wat die teenwoordigheid van God self aandui.
- By dit alles beteken dit ook dat God Homself daar bekendmaak – dit gaan dus oor Godsopenbaring.
- Maar dit gaan ook oor die geleentheid wat God skep dat mense met Hom kan omgaan.

Kyk na vers 6 waar al die verskillende wyses van aanbidding beskryf word:

- Hulle moet by die tempel gaan offer:
 - brandoffers – wat heeltemal op die altaar geplaas is vir die Here;
 - slagoffers (dankoffers) – waarvan 'n deel aan die priesters gegee is en die res in 'n gemeenskapsmaal geëet is; en
 - vrywillige offers waaronder die tiendes van hulle oeste en van hulle vee getel is.
- Alles gaan na die sentrale heiligdom toe.

Nou kyk ons weer na wat die doel van die Here hiermee is:

- Hy wil Hom onder ons vestig.
- Hy wil hê dat ons Hom volgens sy voorskrifte moet aanbid.
- Hy wil dat ons juis deur ons samekoms met mekaar en met Hom van alle dwalings gevrywaar gaan word.
- Dit is tog waarvoor die Here Jesus ook gesterf het.

Die eenheid tussen die gelowiges onderling (enersyds) en die eenheid tussen die gelowiges en die Here (andersyds) sentreer nou nie meer rondom die gebou en die offers nie, maar rondom die Persoon van die Here Jesus Christus.

In 'n sekere sin trek die eenheid van die mensdom al daarin saam dat dit hulle sondes teen God is wat Jesus aan die kruis bring.

- Daarom is daar soveel elemente in die kruisiging wat ons aan die offerkultusse laat dink, byvoorbeeld die feit dat dit op 'n hoogte is en ook aan 'n paal geskied.
- Maar juis dit veroorsaak ook weer die redding, want Jesus was inderdaad die laaste offer:
 - Die mense se Soenoffer wat deur God self gebring is tot versoening van hulle sondes.
 - Nou aanbid ons God in en deur Jesus Christus en ook deur die Heilige Gees.
 - Maar die kruisdood het die deur daarvoor oopgemaak.

Jesus is ook besig om die volmaakte heiligdom voor te berei.

- Hyself is al besig om daar voorbidding te doen vir elkeen van ons.
- Die Heilige Gees leer ook ons gees om te bid vir die wederkoms van die Here, want dan gaan ons in God se volmaakte heiligdom in – sy Koninkryk wat Hy self gebou het.

Ons is in die oorgangstyd, daarom is ons nog aangewys op die bidplek van ons gemeente, en ook nog op die wyse wat tans daarvoor bepaal is, naamlik kerkbesoek en die erediens. Laat ons daarom die geleentheid gebruik om God te ken en te aanbid soos Hy dit nou voorskryf.

Amen.

Slotgebed

Skrifberyming 5-3:4, 5 (8:4, 5)

- 4 Die sondelose Lam, vir sondeskuld geslag, / is waardig om te ontvang die rykdom, wysheid, krag, en eer en heerlijkheid en dankb're seëninge! / En al wat leef en roer, al die geskape dinge op aarde en diep omlaag, of in die hoë hemel, / al wat die see bewoon en in sy dieptes wemel –
- 5 die ganse skepping sing met krag van jubeltoon: / Aan Hom wat heerlijk is, hoog op die wêreldtroon, en aan die Lam van God, self eewige Skeppings-Here, / sy ewig lof en prys en krag en roem en ere!" Met "Amen, Amen!" het die géruks opgesewe. / Die oudstes het aanbid voor Hom wat ewig lewe.

Die HERE sal jou seën en jou behoed;

Die HERE sal sy aangesig oor jou laat skyn en jou genadig wees;

Die HERE sal sy aangesig oor jou verhef en aan jou vrede gee.

Amen.

Dr MJ du Plessis
Gereformeerde Kerk Bellville
Datum: 10 Februarie 2008 (aand)